M0085547-23 (af)
Junie 2024
(Vertaal: Augustus 2024)

# Bedryfs- en instandhoudings handleiding

**Bykomende Inligting**

# Regulatoriese voldoeningsinligting

**Medium kruiptrekkers, groot kruiptrekkers, kruiplaaimasjien, pyplêers**

**Skandeer om egte Cat®-onderdele te vind en te koop, asook verwante diensinligting.**

i08060045

# Belangrike veiligheidsinligting

Die meeste ongelukke wat die hantering, instandhouding en herstel van die produk behels, word veroorsaak deur die nalating om grondliggende veiligheids- of voorsorgmaatreëls na te kom. 'n Ongeluk kan dikwels vermy word deur potensieel gevaarlike situasies te eien voordat 'n ongeluk plaasvind. 'n Mens moet bedag wees op potensiële gevare wat veiligheid kan benadeel, en dit sluit menslike faktore in. Hierdie persoon moet ook oor die nodige opleiding, vaardighede en gereedskap beskik om die funksies behoorlik uit te voer.

**Onbehoorlike hantering, smering, instandhouding of herstel van hierdie produk kan gevaarlik wees en kan op beserings of die dood uitloop.**

**Moenie die produk hanteer of enige smering, instandhouding of herstel van die produk uitvoer, totdat jy bevestig dat jy gemagtig is om hierdie werk uit te voer en jy die bedryfs-, smerings-, instandhouding- en herstelinligting gelees het en dit verstaan nie.**

Veiligheidsmaatreëls en waarskuwings word in hierdie handleiding en op die produk voorsien. Indien daar nie op hierdie gevaarwaarskuwings gelet word nie, kan jy of ander mense liggaamlike beserings opdoen of sterf.

Die gevare word geïdentifiseer deur die “Gevaarwaarskuwingsimbool” en gevolg deur ’n “Seinwoord” soos “GEVAAR”, “WAARSKUWING” of “PASOP”. Die veiligheidsimbool vir die “WAARSKUWING”-teken word hier onder getoon.

**⚠ WARNING**

Die betekenis van hierdie veiligheidswaarskuwingsimbool is soos volg:

**Aandag! Wees Wakker! Jou Veiligheid is Op die Spel.**

Die boodskap wat onder die waarskuwing verskyn, verduidelik die gevaar en kan óf geskryf wees óf prentjie-gewys voorgestel word.

'n Nievolledige lys bedryfsfoute wat produkskade kan veroorsaak, word geïdentifiseer deur “KENNISGEWING” -etikette op die produk en in hierdie publikasie.

**Caterpillar kan nie alle moontlike omstandighede voorspel wat potensieel gevaar inhou nie. Daarom is die waarskuwings in hierdie publikasie en op die produk nie omvattend nie. Moenie die produk op enige ander manier gebruik as wat deur hierdie handleiding voorgestel word, sonder om jouself eers te vergewis dat jy al die veiligheidsreëls en voorsorgmaatreëls wat van toepassing is by die hantering van die produk op die betrokke perseel, insluitend terreinspesifieke reëls en voorsorgmaatreëls hier van toepassing, in ag geneem het nie. Wanneer gereedskap, ’n prosedure, werksmetode of bedryfstegniek gebruik word wat nie spesifiek deur Caterpillar aanbeveel word nie, moet jy seker maak dat dit veilig is vir jou en ander om te gebruik. Jy moet ook seker maak dat jy gemagtig is om hierdie werk te doen, en dat die produk nie beskadig word of onveilig word deur die hantering, smering, instandhouding- of herstelprosedures wat jy beoog om te gebruik nie.**

Die inligting, spesifikasies en illustrasies in hierdie publikasie is gegrond op inligting wat beskikbaar was toe die publikasie saamgestel is. Die spesifikasies, wringkrag, druk, afmetings, aanpassings, illustrasies en ander items kan enige tyd verander. Hierdie veranderinge kan die diens van die produk beïnvloed. Verkry die mees onlangse en alle inligting voordat jy enige taak aanpak. Cat -handelaars het die mees onlangse inligting beskikbaar.

---

KENNISGEWING

**Wanneer onderdele van hierdie produk vervang moet word, beveel Caterpillar aan dat oorspronklike Caterpillar®-onderdele gebruik word.**

**Ander onderdele sal dalk nie aan sekere oorspronklike toerustingspesifikasies voldoen nie.**

**Wanneer vervangingsonderdele geïnstalleer word, moet die eienaar/gebruiker van die masjien toesien dat die masjien aan alle toepaslike vereistes bly voldoen.**

---

**In die Verenigde State mag die instandhouding, vervanging of herstel van die uitlaatbeheertoestelle en -stelsels deur enige herstelonderneming of individu van die eienaar se keuse hanteer word.**

# Inhoudsopgawe

Voorwoord ........................................................ 4

**Bedryfsafdeling**

Hantering .......................................................... 5

**Regulatoriese voldoeningsinligting**

Radiofrekwensiekomponente ........................... 6

**Indeksafdeling**

Indeks ............................................................. 93